# CHRISTENSENTRUM AGS ELSPARK

## ***Huweliksbevestiging***

PROSEDURE | DOKUMENTE | KOSTES

### PROSEDURE

- Alle navrae en/of aansoeke rondom huwelike moet aan die gemeente se pastoor gerig word by *johan@christensentrum.co.za* of 082 787 6103
- Vul die *“Vorm vir Troues”* in en heg dit aan bogenoemde epos vir die pastoor. Die vorm kan by ons kerkkantoor bekom word of van ons webtuiste (www.christensentrum.co.za) afgelaai word.
- U kan Harville Hendrix se boek, *“Keeping the love you find”,* by CUM boeke of aanlyn by **www.loot.co.za** bestel. Die boek word sterk aanbeveel vir pasgetroudes of paartjies wat van voorneme is om te trou.

### DOKUMENTE

Al die onderstaande dokumente moet op die dag van u afspraak met die Pastoor aan hom oorhandig word:

- Gewaarmerkte afskrifte van die ***bruid en bruidegom se ID’s***
- Afskrifte van beide die ***getuies se ID’s*** (Dit is die getuies wat die register op die troudag moet teken. Albei moet ouer as 18 wees)
- Drie ID ***foto’s*** van die bruid en bruidegom
- Indien u ***buite gemeenskap van goedere trou***, moet u ‘n afskrif van die bevestigende prokureursbrief voorsien. Die dokument **moet** die ***stempel van die aktekantoor*** (deeds office) op hê.
- As die voorgenome bruid en/of bruidegom ***geskei*** is, moet afskrifte van die skeibriewe (die finale egskeidingsbevel) voorsien word
- ***Wewenaars*** en ***weduwees*** moet ‘n afskrif van die doodsertifikaat voorsien
- As die voorgenome bruid of bruidegom ‘n ***buitelander*** is, **moet** u die huwelik by Binnelandse Sake laat voltrek.
- Die voornemende egpaar moet albei die plaaslike Depertament Binnelandse Sake besoek en vra vir ***"online verification"*** (Hanis) om te verseker dat beide regtens gemagtig is om te trou. Dit is om seker te maak dat egskeidings en afsterwes by Binnelandse Sake geregistreer is voordat die huwelik voltrek kan word. Bevestigende dokumentasie moet by die Pastoor ingedien word.

### KOSTES

- ‘n Administratiewe fooi van R2000.
- Bogenoemde koste sluit die huweliksbevestiger se tyd, administratiewe vaardigheid om korrekte dokumentasie en dokumentering te verseker asook die buitengewone ongerief om die huwelik in persoon by die Departement van Binnelande sake te

registreer en dikwels meer as een keer die Departement te besoek om seker te maak die huwelik is suksesvol geregistreer.

- Bogenoemde koste sluit ook die huwelikbevestiger (Pastoor) se vervoerkoste in solank dit nie verder as 10 km van Elspark af is nie. Indien wel, sal ‘n addisionele fooi teen R3 per kilometer gehef word.

**Voorbeeld**:
Nie-lidmate wat ***twintig kilometer buite Elspark trou***
R2000 + R3(2x 10km)
= R2000 + R3(20km)
= R2000 + R60
= R2060